(1) die wysiging van titelvoorwaardes van Erf 380, Dorp Craighall Park ten einde wooneenhede moontlik te maak; en

(2) die wysiging van Johannesburg-dorpsbeplanning-skema, 1979, deur die erf te hersoneer van "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Residensieel 2".

Die wysigingskema sal bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 691.

PB 4-14-2-290-12

Alma Nel Beleggings (Edms.) Bpk. vir —

(1) die wysiging van titelvoorwaardes van Erf 118, Dorp Witbank ten einde die erf te gebruik vir spesiale besigheidsdoeleindes; en

(2) die wysiging van die Witbank-Dorpsaanlegskema 1, 1948, deur die hersonering van die erf van "Algemene Woon" tot "Spesiale Besigheid".

Die wysigingskema sal bekend staan as Witbank-wysigingskema 1/123.

PB 4-14-2-1470-8

## KENNISGEWING 512 VAN 1982

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, kennis dat aansoek om die dorpe in die bylae hierby gemeld te stig, ontvang is.

Die aansoek tesame met die tersaaklike planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206(a), 2de Vloer, B Blok, Provinsialegebou, Pretoriusstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 8 weke vanaf 22 September 1982.

Iedereen wat beswaar teen die toestaan van 'n aansoek wil maak of begerig is om enige verhoë in verband daarmee te rig, moet die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 0001 binne 'n tydperk van 8 weke van die datum af van eerste publikasie hiervan skriftelik en in duplikaat van sy redes in kennis stel.

## BYLAE

Naam van dorp: Vorna Valley Uitbreiding 11.

Naam van aansoekdoener: Elizabeth Caroline Steenhoff.

Aantal erwe: Spesiaal vir: Losstaande of aaneengeskeelde wooneenhede: 2.

## NOTICE 511 OF 1982

## REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the abovementioned Act that the undermentioned applications have been received by the Director of Local Government and are open for inspection at the 10th Floor, Merino Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the office of the relevant local authority.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before 20 October 1982.

Pretoria, 22 September 1982.

Miss. M. Nel and Mr. R. van Deventer for —

(1) the amendment of the conditions of title of Erf 380, Craighall Park Township in order to permit dwelling units; and

(2) the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the erf from "Residential 1" with a density of "One dwelling per erf" to "Residential 2".

This amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 691.

PB 4-14-2-290-12

Alma Nel Beleggings (Pty.) Ltd. for —

(1) the amendment of the conditions of title of Erf 118, Witbank Township in order to permit the erf being used for special business purposes; and

(2) the amendment of Witbank Town-planning Scheme 1, 1948, by the rezoning of the erf from "General Residential" to "Special Business".

This amendment scheme will be known as Witbank Amendment Scheme 1/123.

PB 4-14-2-1470-8

## NOTICE 512 OF 1982

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 58(8)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that applications to establish the township(s) mentioned in the annexure hereto, have been received.

The applications, together with the relevant plans, documents and information are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206(a), Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria for a period of 8 weeks from 22 September 1982.

Any person who desires to object to the granting of any of the applications or who desires to make any representations in regard thereto, must notify the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, 0001 in writing and in duplicate of his reasons therefor within a period of 8 weeks from the date of first publication hereof.

## ANNEXURE

Name of township: Vorna Valley Extension 11.

Name of applicant: Elizabeth Caroline Steenhoff.

Number of erven: Special for: Attached or detached dwelling-units: 2.

Beskrywing van grond: Die Resterende Gedeelte van Gedeelte 3, Hoewe 73, Halfway House Estate-landbouhoewes.

Ligging: Suidoos van en grens aan Pretoriusweg, Noordoos van en grens aan Bekkerweg Halfway House Estates-landbouhoewes.

Verwysingsnommer: PB 4-2-2-6719.

Naam van dorp: Die Hoewes Uitbreiding 32.

Naam van aansoekdoener: Die Gereformeerde Kerk Verwoerdburg-Oos.

Aantal erwe: Ouethuis: 1; Kerk en aanverwante gebuik: 1.

Beskrywing van grond: Hoewe 246, Lyttelton-landbouhoewes Uitbreiding 2.

Ligging: Noordoos van en grens aan Basdenlaan en suidoos van en grens aan Aletheastraat.

Verwysingsnommer: PB 4-2-2-6763.

Description of land: The Remaining Extent of Portion 3, Holding 73, Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Situation: South-east of and abuts Pretorius Road, north-west of and abuts Bekker Road Halfway House Estates Agricultural Holdings.

Reference No.: PB 4-2-2-6719

Name of township: Die Hoewes Extension 32.

Name of applicant: Die Gereformeerde Kerk Verwoerdburg-Oos.

Number of erven: Old aged home: 1; Church and uses incidental thereto: 1.

Description of land: Holding 246 Lyttelton Agricultural Holdings Extension 2.

Situation: North-east of and abuts Basden Avenue and south-east of and abuts Alethea Street.

Reference No.: PB 4-2-2-6763

## KENNISGEWING 498 VAN 1982/NOTICE 498 OF 1982

## PROVINSIE TRANSVAAL/PROVINCE TRANSVAAL

## PROVINSIALE INKOMSTEFONDS/PROVINCIAL REVENUE FUND

STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1982 TOT 30 JUNIE 1982  
(Gepubliseer ingevolge artikel 15(1) van Wet 18 van 1972)

STATEMENT OF RECEIPTS AND PAYMENTS FOR THE PERIOD 1 APRIL 1982 TO 30 JUNE 1982  
(Published in terms of section 15(1) of Act 18 of 1972)

## (A) INKOMSTE REKENING/REVENUE ACCOUNT

ONTVANGSTE/RECEIPTS		BETALINGS/PAYMENTS	
SALDO OP 1 APRIL 1982/BALANCE AT 1 APRIL 1982		BEGROTINGSPOSTE/VOTES—	
BELASTING, LISENSIES EN GELDE/TAXATION, LICENCES AND FEES—		R	R
1.	Toegang tot renbane/Admission to race courses.....	28 162,96	
2.	Weddenskapbelasting/Betting tax.....	2 285 935,85	
3.	Beroepsweddersbelasting/Bookmaker tax.....	753 229,38	
4.	Totalisatorbelasting/Totalisator tax.....	5 520 982,72	
5.	Boetes en verbeurdverklarings/Fines and forfeitures.....	1 447 794,66	
6.	Motorlisensiegelde/Motor Licence Fees.....	15 277 736,69	
7.	Hondelisensies/Dog licences ...	7 930,58	
8.	Vis en Wildlisensies/Fish and game licences.....	151 018,00	
9.	Beroepswedderlisensies/Bookmakers licences.....	5 100,00	
10.	Diverse/Miscellaneous.....	16 204,79	
11.	Handelslisensies/Trading licences.....	40 569,25	
12.	Ontvangste nog nie toegewys nie/Receipts not yet allocated...	6 116 306,97	31 650 971,85
<b>DEPARTEMENTELE ONTVANGSTE/DEPARTEMENTAL RECEIPTS—</b>			
1.	Sekretariaat/Secretariat.....	520 453,82	
2.	Onderwys/Education.....	4 325 052,14	
3.	Hospitaaldienste/Hospital Services.....	7 643 031,88	
4.	Paaie/Roads.....	374 465,36	
5.	Werke/Works.....	1 280 798,79	14 143 801,99
<b>SUBSIDIES EN TOELAES/SUBSIDIES AND GRANTS—</b>			
1.	Sentrale Regering/Central Government—		
	Subsidie/Subsidy.....	340 200 000,00	
2.	Suid-Afrikaanse Spoorweë/South African Railways		
	(a) Spoorwegbusroetes/Railway Bus Routes.....		
	(b) Spoorweegoorgange/Railway Crossings.....	83 101,89	
3.	Poskantoor/Post Office		
	Lisensies: Motorvoertuig/Licences: Motor Vehicles.....		
4.	Nasionale Vervoerkommissie/National Transport Commission—		
	Bydraes tot die bou van paaie/Contributions towards the construction of roads.....	536 560,13	340 819 662,02
	Saldo op 30 Junie 1982/Balance at 30 June 1982.....		<u>29 901 843,15</u>
			<u>416 516 279,01</u>
			<u>416 516 279,01</u>

KENNISGEWING 499 VAN 1982/NOTICE 499 OF 1982  
 PROVINSIE TRANSVAAL/PROVINCE TRANSVAAL

PROVINSIALE INKOMSTEFONDS/PROVINCIAL REVENUE FUND

STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1982 TOT 31 JULIE 1982  
 (Gepubliseer in gevolge artikel 15(1) van Wet 18 van 1972)

STATEMENT OF RECEIPTS AND PAYMENTS FOR THE PERIOD 1 APRIL 1982 TO 31 JULY 1982  
 (Published in terms of section 15(1) of Act 18 of 1972)

(A) INKOMSTE REKENING/REVENUE ACCOUNT

ONTVANGSTE/RECEIPTS

BETALINGS/PAYMENTS

SALDO OP 1 APRIL 1982/BA- LANCE AT 1 APRIL 1982				BEGROTINGSPOSTE/VOTES—			
BELASTING, LISENSIES EN GELDE/TAXATION, LICENCES AND FEES—		R	R		R		R
1.	Toegang tot renbane/Admis- sion to race courses .....	40 312,45		1.	Algemene Administrasie/Ge- neral Administration .....	74 849 356,22	
2.	Weddenskapbelasting/Betting tax .....	3 483 994,65		2.	Onderwys/Education .....	183 845 029,18	
3.	Beroepsweddersbelasting/ Bookmakers tax .....	1 154 741,81		3.	Werke/Works .....	68 470 699,50	
4.	Totalisatorbelasting/ Totalisator tax .....	8 864 893,53		4.	Hospitaal- en Gesondheids- dienste — Administrasie/Hos- pital and Health Services — Administration .....	11 152 976 14	
5.	Boetes en verbeurdverkl- arings/Fines and forfeitures .....	1 498 777,04		5.	Provinsiale Hospitale en Inrig- tings/Provincial Hospitals and Institutions .....	150 334 362,55	
6.	Motorlisensiegelde/Motor Li- cence Fees .....	22 468 847,27		6.	Paaie en Brûe/Roads and Bridges .....	69 707 058,70	
7.	Hondelisensies/Doglicences ...	16 611,58		7.	Plaaslike Bestuur/Local Go- vernment .....	2 302 380,93	
8.	Vis en Wildlisensies/Fish and game licences .....	186 478,00		8.	Biblioteek- en Museumdiens/ Library and Museum Service .....	1 464 805,80	
9.	Beroepswedderlisen- sies/Bookmakers .....	5 200,00		9.	Natuurbewaring/Nature Con- servation .....	2 147 921,31	564 274 590,32
10.	Diverse/Miscellaneous .....	24 837,79					
11.	Handelslisensies/Trading li- cences .....	54 217,85					
12.	Ontvangste nog nie toegewys nie/Receipts not yet allocated ...	<u>7 170 283,05</u>	44 969 195,02				

DEPARTEMENTELE ONT-  
VANGSTE/DEPARTEMENTAL  
RECEIPTS—

1.	Sekretariaat/Secretariat .....	1 057 890,61	
2.	Onderwys/Education .....	5 299 640,10	
3.	Hospitaaldienste/Hospital Services .....	13 399 389,20	
4.	Paaie/Roads .....	469 137,95	
5.	Werke/Works .....	<u>1 778 444,03</u>	22 004 501,89

SUBSIDIES EN TOELAES/SUBSI-  
DIES AND GRANTS—

1.	Sentrale Regering/Central Go- vernment— Subsidie/Subsidy .....	488 200 000,00	
2.	Suid-Afrikaanse Spoorweë/ South African Railways (a) Spoorwegbusroetes/ Railway Bus Routes .....		
	(b) Spoorweegoorgange/ Railway Crossings .....	83 101,89	
3.	Poskantoor/Post Office Lisensies: Motorvoertuig/Li- cences: Motor Vehicles .....		
4.	Nasionale Vervoerkommissie/ National Transport Commis- sion— Bydraes tot die bou van paaie/ Contributions towards the construction of roads .....	270 901,41	488 554 003,30
	Saldo op 31 Julie 1982/Balance at 31 July 1982 .....		

8 746 890,11  
564 274 590,32

564 274 590,32

**TENDERS.**

*L.W.* — Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

TRANSVAALSE PROVINSIALE  
ADMINISTRASIE.

**TENDERS.**

Tenders vir die volgende dienste / voorrade / verkope word ingewag. (Tensy dit in die uiteensetting anders aangegee word, word tenders vir voorrade bedoel):—

**TENDERS.**

*N.B.* — Tenders previously published and where the closing dates have not yet passed, have not been repeated in this notice. Tenders are normally published 3-5 weeks before the closing date.

TRANSVAAL PROVINCIAL  
ADMINISTRATION.

**TENDERS.**

Tenders are invited for the following services / supplies / sales. (Unless otherwise indicated in the description tenders are for supplies):—

Tender No	Beskrywing van Tender Description of Tender	Sluitingsdatum Closing Date
HA 1/28A/82	Tablette en kapsules/Tablets and capsules .....	15-10-1982
HA 1/34A/82	Sitostatiese middels/Cytostatic agents .....	15-10-1982

**IMPORTANT NOTES**

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said address:

Tender Ref	Postal address Pretoria	Office in New Provincial Building, Pretoria			
		Room No.	Block	Floor	Phone Pretoria
HA 1 & HA 2	Director of Hospital Services, Private bag X221.	A900	A	9	28-0654
HB en HC	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A819	A	8	28-9367
HD	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A823	A	8	28-4351
PFT	Provincial Secretary (Purchases and Supplies), Private Bag X64	A1020	A	11	28-0441
RFT	Director, Transvaal Roads Department, Private Bag X197.	D307	D	3	28-0530
TED 1-100 TED 100-	Director, Transvaal Education Department, Private Bag X76.	A489 A491	A A	4 4	28-9612 28-9500
WFT	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	C119	C	1	28-9254
WFTB	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	B103	E	1	28-0306

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. In the case of each W.F.T.B. tender the tenderer must pay a deposit of R4 before he will be supplied with the tender documents. Such deposit must be in the form of cash, a bank initialled cheque, or a department standing deposit receipt (R10). The said deposit will be refunded if a *bona fide* tender is received from the tenderer or if the tender documents including plans, specifications and bills of quantities are returned by the tenderer within 14 days after the closing date of the tender to the relative address shown in note 1 above.

4. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

5. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tendere must be in the hands of the Chairman by 11h00 on the closing date indicated above.

6. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11h00 on the closing date.

S.F Nel, Acting Chairman Transvaal Provincial Tender Board.  
Pretoria, 8 September 1982

**BELANGRIKE OPMERKINGS.**

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente as mede enige tender / kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adres vir inspeksie verkrygbaar:

Tender verwysing	Posadres te Pretoria	Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria.			
		Kamer, No.	Blok	Verdieping	Foon Pretoria
HA 1 & HA 2	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A900	A	9	28-0654
HB en HC	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A819	A	8	28-9367
HD	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221	A823	A	8	28-4351
PFT	Provinsiale Sekretaris (Aankope en Voorrade), Privaatsak X64.	A1020	A	11	28-0441
RFT	Direkteur, Transvaalse Paaie-departement, Privaatsak X197.	D307	D	3	28-0530
TOD 1-100 TOD 100-	Direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement, Privaatsak X76.	A489 A491	A A	4 4	28-9612 28-9500
WFT	Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228.	C119	C	1	28-9254
WFTB	Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228.	B103	E	1	28-0306

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. In die geval van iedere W.F.T.B.-tender moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdokumente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontantgeld wees, 'n tjek deur die bank geparafeer of 'n departementele legorder kwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal terugbetaal word as 'n *bona fide*-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelhedslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tenderaar teruggestuur word na die betrokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorm van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëde kovert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon, asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11h00 op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11h00 op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

S.F Nel, Waarnemende Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tenderraad.  
Pretoria, 8 September 1982

# Notices By Local Authorities

## Plaaslike Bestuurskennisgewings

### STADSRAAD VAN BRAKPAN

#### PROKLAMERING VAN PAD OOR GEDEELTE 1 VAN HOEWE 200, RAND COLLIERIES SMALLHOLDINGS

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepaling van artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance" No 44, van 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan voornemens is om 'n versoekskrif tot die Administrateur te rig om die pad wat in die bylae hiertoe omskryf word en gedefinieer word deur diagram SG No A5522/79 wat deur die landmeter H S Shires opgestel is van 'n opmeting wat gedurende Januarie 1979 uitgevoer is, as openbare pad te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif, diagram en bylae lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige belanghebbende persoon wat beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde pad wil indien, moet sodanige beswaar skriftelik, in tweevoud, by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, 0001 en by die ondergetekende indien nie later nie as 22 Oktober 1982.

#### BYLAE

'n Pad van wissellende wydte met oppervlakte van vierhonderd drie-en-veertig (443) vierkante meter oor Gedeelte 1 van Hoeve 200, Rand Collieries Smallholdings, van die plaas Witpoortjie, vanaf 'n punt op die oostelike hoek van genoemde hoeve langs Van Dykweg in 'n algemene noordelike rigting vir ongeveer 17 meter tot 'n punt op die noordelike grens van die hoeve aan Gloucesterweg, vandaar in 'n algemene oostelike rigting vir ongeveer 52 meter tot die kruising met die suidelike grens van Gloucesterweg en die noordelike grens van Van Dykweg; daarna in 'n algemeen westelike rigting langs die suidelike grens van genoemde hoeve oor die noordelike grens van Van Dykweg vir ongeveer 52 meter terug na die aanvangspunt soos aangedui op diagram S G A5522/79 (R M T No R28/79).

#### Regte wat geraak word:

A. Myntitel: Oop geproklameerde grond.

B. Oppervlakteregte: Eienaarsreservering vir 'n opstal, geboue, krale, fontein, en verbouing (eienaarsreservering No 4) soos gedefinieer deur diagram R M T No 7.

G E SWART  
Stadsklerk

Stadhuis  
Brakpan  
8 September 1982  
Kennisgewing No 99/1982

### TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

#### PROCLAMATION OF ROAD OVER PORTION 1 OF HOLDING 200, RAND COLLIERIES SMALL HOLDINGS

Notice is hereby given in terms of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, No 44 of 1904, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to petition the Administrator to proclaim as a public road the road described in the schedule hereto and defined by diagram S G No A5522/79 framed by Land Surveyor H S Shires from a survey performed during January 1979.

A copy of the petition, diagram and schedule are open for inspection during normal office hours at the office of the undersigned.

Any interested person who wishes to object to the proclamation of the road should lodge his objection in writing, in duplicate, with the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, 0001, and with the undersigned not later than 22 October 1982.

#### SCHEDULE

A road of varying width four hundred and forty three (443) square metres in area over Portion 1 of Holding No 200, Rand Collieries Small Holdings, Farm Witpoortjie commencing at a point at the eastern corner of the said Holding adjacent to Van Dyk Road and proceeding in a general northerly direction for a distance of approximately 17 metres to a point on the northern boundary of the said Holding adjacent to Gloucester Road, then changing direction and proceeding in a generally easterly direction for a distance of approximately 52 metres to the intersection of the southern boundary of Gloucester Road and the northern boundary of Van Dyk Road. Then proceeding in a generally westerly direction along the southern boundary of the said Holding and the northern Boundary of Van Dyk Road for a distance of approximately 52 metres back to the original commencement point as will more fully appear from diagram S G No A5522/79 (R M T No R28/79).

#### Rights to be affected:

A. Mining Title: Open proclaimed land.

B. Surface Rights: Owner's reservation for the purpose of a homestead, buildings, kraals, spring and cultivation (certificate of owner's Reservation No 4) as defined by diagram R M T No 7.

G E SWART  
Town Clerk

Town Hall  
Brakpan  
8 September 1982  
Notice No 99/1982

1076-8-15-22

### STADSRAAD VAN ALBERTON

#### ADVERTENSIE INGEVOLGE ARTIKEL 26(1)(a) VAN DIE ORDONANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965

Die Stadsraad van Alberton het die hierna vermelde ontwerp dorpsbeplanningskemas wat wysigingskemas is en wat die volgende voorstelle bevat opgestel:

Wysiging-skema	Voorstelle
57	Dat die plaaslike owerheid sy vereistes met betrekking tot die voorsiening van parkeergeriewe vir ontwikkelings op erwe, uitgesonderd woonhuise, onder sekere omstandighede mag verslap.
58	Dat handel in voertuie slegs met die spesiale toestemming van die Raad toegelaat mag word.

Alle eiendomme wat vir gebruik as Besigheid 1, 2 en 3 gesoneer is, word deur die voorstel geraak.

59 Dat 'n gebruik wat met die spesiale toestemming van die Raad verkry is, sal verval indien dit nie binne 15 maande na vergunning uitgeoefen word of indien dit vir 'n tydperk van 15 maande gestaak of onderbreek word.

Alle eiendomme waarop die Alberton dorpsbeplanningskema 1979, van toepassing is, word deur die voorstel geraak.

60 Dat 'n terreinontwikkelingsplan wat sekere besonderhede moet bevat, vir die Raad se goedkeuring voorgelê moet word voordat bouplanne ingedien kan word, en dat die Raad in sekere gevalle die vereistes ten opsigte van syruimtes mag verslap.

Geboue mag slegs op die erf opgerig word nadat sodanige terreinontwikkelingsplan deur die Raad goedgekeur is en die ontwikkeling op die erf moet in ooreenstemming met die goedgekeurde terreinontwikkelingsplan wees, met dien verstande dat die terreinontwikkelingsplan met die skriftelike toestemming van die Raad gewysig mag word.

Alle eiendomme wat vir gebruik as Besigheid 1, 2 en 3 gesoneer is, word deur die voorstel geraak.

61 Dat in die geval van geboue op potensieel rys- of swiggrond, grondondersoek vereis en konstruksiemetodes voorgeskryf kan word.

Alle eiendomme waarop die Alberton dorpsbeplanningskema 1979, van toepassing is, word deur die voorstel geraak.

62 (a) Dat die Raad die vereistes met betrekking tot boulyne, syruimtes en hoogtebeperkings op geboue, wat in die bylae tot die skema gestel word, mag verslap; en

(b) dat die Raad, ten opsigte van die bylae tot die Skema, spesiale toestemming, ooreenkomstig klousule 8, Tabel "A" van die Skema, mag verleen vir die oprigting en gebruik van geboue en grond.

Alle eiendomme waarop die Alberton dorpsbeplanningskema, 1979, van toepassing is, word deur die voorstel geraak.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die Raad se kantoor te Van Riebeeck-laan 41, Alberton vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, naamlik 15 September 1982.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie ontwerp skemas moet skriftelik aan die Stadsraad van Alberton binne 'n tydperk van vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 15 September 1982 voorgelê word.

J J PRINSLOO  
Stadsklerk

Munisipale Kantoor  
Alberton  
15 September 1982  
Kennisgewing No 18/1982

TOWN COUNCIL OF ALBERTON

ADVERTISEMENT IN TERMS OF SECTION 26(1)(a) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965

The Town Council of Alberton has prepared the draft town-planning schemes mentioned hereafter which will be amendment schemes and which contain the following proposals:

- | Amendment Scheme | Proposal  |
|------------------|---|
| 57               | That the local authority may, under certain circumstances, relax its requirements in respect of the provision of parking facilities for developments, excluding residences, on erven.<br><br>All properties to which the Alberton Town-planning Scheme, 1979, is applicable, except those zoned for Residential 1, are effected by the proposal.  |
| 58               | That trade in vehicles shall be permissible only with the consent of the Council.<br><br>All properties zoned for Business 1, 2 and 3 use, are affected by the proposal.  |
| 59               | That any use acquired by the special consent of the Council shall lapse if not commenced within 15 months or if discontinued or interrupted for a period of 15 months.<br><br>All properties to which the Alberton Town-planning Scheme, 1979, is applicable, are affected by the proposal.   |
| 60               | That a site development plan containing certain particulars must be submitted for the Council's approval before building plans are lodged, and that the Council may in certain circumstances relax the requirements in respect of side spaces.<br><br>Buildings may only be erected on the erf after approval of such site development plan by the Council and developments on the erf must be in accordance with the approved site development plan, with the understanding that the site development plan may be altered with the Council's written consent.<br><br>All properties zoned for Business 1, 2 and 3 use, are affected by the proposal. |
| 61               | That soil tests may be required and methods of construction may be prescribed in respect of buildings on potentially contracting or expanding soil.<br><br>All properties to which the Alberton Town-planning Scheme, 1979, is applicable, are affected by the proposal.  |
| 62               | (a) That the Council may relax the requirements prescribed in the annexures to the Scheme in respect of building lines, side spaces and height restrictions of buildings; and<br><br>(b) that the Council may, in respect of the annexures to the Scheme, grant its special consent in accordance with Clause 8, Table "A" of the Scheme, for the erection and use of buildings and land.<br><br>All properties to which the Alberton Town-planning Scheme, 1979, is applicable, are affected by the proposal.  |

Particulars of these schemes are open for inspection at the Council's Office, 41 Van Riebeeck Avenue, Alberton, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice in the Provincial Gazette, which is 15 September 1982.

Any objections or representations in connection with these draft schemes shall be submitted in writing to the Town Council of Alberton within four weeks of the first publication of this notice, which is 15 September 1982.

J J PRINSLOO  
Town Clerk

Municipal Offices  
Alberton  
15 September 1982  
Notice No 18/1982  
1077-15-22

STADSRAAD VAN PRETORIA

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1974: DORPSBEPLANNINGSWYSIGINGSKEMA 955

Die Stadsraad van Pretoria het 'n ontwerp-wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, wat as Dorpsbeplanningswysigingskema 955 bekend sal staan, opgestel.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel:

Hersonering van Gedeelte 14 van die plaas Rietfontein 321 JR en die Restant van Erf 233 van die dorp Riviera, van "Openbare Oop Ruimte" tot "Spesiaal" vir sodanige doeleindes wat die Administrateur kan toelaat.

Die eiendom is op naam van die Stadsraad van Pretoria geregistreer.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in Kamers 3053W en 6056W, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 15 September 1982.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die gebied van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, of binne twee kilometer van die grens daarvan af, het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig, en indien hy dit wil doen, moet hy die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria 0001, binne vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 15 September 1982, skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel, en vermeld of hy deur die plaaslike bestuur gehoor wil word, al dan nie.

P DELPORT  
Stadsklerk

15 September 1982  
Kennisgewing 212/1982

CITY COUNCIL OF PRETORIA

PROPOSED AMENDMENT TO THE PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME, 1974: TOWN-PLANNING AMENDMENT SCHEME 955

The City Council of Pretoria has drawn up a draft amendment to the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, to be known as Town-planning Amendment Scheme 955.

This draft scheme contains the following proposal:

Rezoning of Portion 14 of the farm Rietfontein 321 JR and the Remainder of Erf 233 of

Riviera Township, from "Public Open Space" to "Special" for such purposes as may be allowed by the Administrator.

The properties are registered in the name of the City Council of Pretoria.

Particulars of this scheme are open for inspection at Rooms 3053W and 6056W, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 15 September 1982.

The Council will consider the scheme and will decide whether it should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, or within two kilometres of the boundary thereof, has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof, and, if he wishes to do so, he shall, within four weeks of the date of the first publication of this notice, which is 15 September 1982, inform the Town Clerk, PO Box 440, Pretoria 0001, in writing of such objection or representation, and shall state whether or not he wishes to be heard by the Local Authority.

P DELPORT  
Town Clerk

15 September 1982  
Notice No 212/1982  
1087-15-22

STADSRAAD VAN ALBERTON

A. WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE; B. WYSIGING VAN PARKEERTERREINVERORDENINGE; C. WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE; D. AANNAME VAN VERORDENINGE OM DIE SMOUS VAN VOEDSEL EN LEWENDE HAWE TE BEHEER

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Alberton van voorneme is om die onderstaande verordeninge te wysig/aan te neem naamlik:

A. Bouverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 564 van 2 April 1975;

B. Parkeerterreinverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 14 van 3 Januarie 1973;

C. Straat- en Diverse Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1667 van 17 Oktober 1973;

D. Verordeninge om die Smous van Voedsel en Lewende Hawe te beheer.

Die algemene strekking van bogenoemde wysigings/verordeninge is onderskeidelik soos volg, naamlik:

A. 'n Wysiging om dit 'n oortreding te maak indien enige persoon in gebreke bly om gehoor te gee aan 'n kennisgewing om 'n onveilige of bouvallige gebou of struktuur te sloop.

B. 'n Wysiging om parkeertariewe by al die Raad se parkeerterreine te verhoog.

C. 'n Wysiging om die deposito wat betaalbaar is op kollektiebussies wat deur die Raad aan instansies verskaf word, af te skaf.

D. Die aanname van verordeninge om die smous van voedsel en lewende hawe binne die munisipale gebied van Alberton te beheer.

Afskrifte van bovermelde wysigings/verordeninge lê vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die kantoor van die Raad gedurende kantooreure ter insae.

Enige persoon wat beswaar teen voormelde wysigings wil aanteken moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, naamlik 22 September 1982.

JJ PRINSLOO  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Alberton  
22 September 1982  
Kennisgewing No 47/1982

#### TOWN COUNCIL OF ALBERTON

A. AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS; B. AMENDMENT TO PARKING GROUNDS BY-LAWS; C. AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS; D. ADOPTION OF BY-LAWS TO CONTROL THE HAWKING OF FOOD AND LIVESTOCK

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Alberton proposes to amend/adopt the following by-laws, namely:-

A. Building By-laws adopted by Administrator's Notice 564 dated 2 April 1975;

B. Parking Ground By-laws adopted by Administrator's Notice 14 dated 3 January 1973;

C. Street and Miscellaneous By-laws adopted by Administrator's Notice 1667 dated 17 October 1973;

D. By-laws to control the Hawking of Food and Livestock.

The general purport of the above amendments/by-laws is respectively as follows:-

A. An amendment to make it an offence if any person fails to comply with a notice to demolish an unsafe or dilapidated building or structure.

B. An amendment to increase the tariffs at all the Council's parking grounds.

C. An amendment to do away with the deposit payable on boxes for street collections supplied by the Council to organisations.

D. The adoption of by-laws to control the hawking of food and livestock in the municipal area of Alberton.

Copies of these amendments/by-laws are open for inspection during normal office hours at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to these amendments/by-laws must do so in writing to the Town Clerk within fourteen days of the date of publication of this notice in the Provincial Gazette, viz 22 September 1982.

JJ PRINSLOO  
Town Clerk

Municipal Offices  
Alberton  
22 September 1982  
Notice No 47/1982

1105—22

#### STADSRAAD VAN ALBERTON

VOORGESTELDE WYSIGINGSKEMA NO 48, ALBERTON-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979; HERSONERING VAN GEDEELTE 1 VAN ERF 1067, VERWOERDPARK UITBREIDING 2

Die Stadsraad van Alberton het 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Wysigingskema No 48.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en bevat die volgende voorstel, naamlik die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 1067, Verwoerdpark Uitbreiding 2 vanaf "Openbare Oopruimte" na "Parkering", ten einde die Nederduitsch Gereformeerde Gemeente, Verwoerdpark in staat te stel om, nadat hulle die grond van die Stadsraad aangekoop het, dit vir doeleindes van 'n parkeerterrein aan te wend.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die Raad se kantoor te Van Riebeecklaan 41, Alberton, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 22 September 1982.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik aan die Stadsraad van Alberton binne 'n tydperk van vier weke van bogenoemde datum af voorgelê word.

JJ PRINSLOO  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
22 September 1982  
Kennisgewing No 46/1982

#### TOWN COUNCIL OF ALBERTON

PROPOSED AMENDMENT SCHEME NO 48, ALBERTON TOWN-PLANNING SCHEME, 1979; REZONING OF PORTION 1 OF ERF 1067, VERWOERDPARK EXTENSION 2

The Town Council of Alberton has prepared a draft town-planning scheme, to be known as Amendment Scheme No 48.

This scheme will be an amendment scheme and contains the following proposal, namely, the rezoning of Portion 1 of Erf 1067, Verwoerdpark Extension 2 from "Public Open Space" to "Parking", in order to allow the Dutch Reformed Congregation, Verwoerdpark, to use the land for parking purposes, after they have purchased it from the Town Council.

Particulars of this scheme are open for inspection at the Council's Office, 41 Van Riebeeck Avenue, Alberton for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 22 September 1982.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Council of Alberton within a period of four weeks from the abovementioned date.

JJ PRINSLOO  
Town Clerk

Municipal Offices  
22 September 1982  
Notice No 46/1982

1106—22—29

#### STADSRAAD VAN BRAKPAN

KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPEIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS AANVRA

Kennis word hierby ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1981/82 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Brakpan vanaf 22 September tot 25 Oktober 1982 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys, opgeteken, soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

GESWART  
Stadsklerk

Navraettoonbank  
Belastingssaal  
Nuwe Munisipale Gebou  
Kingswaylaan  
Brakpan  
1540  
22 September 1982  
Kennisgewing No 108/1982

#### TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provisional supplementary valuation roll for the financial year 1981/82 is open for inspection at the office of the Local Authority of Brakpan from 22 September to 25 October 1982 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

GESWART  
Town Clerk

Enquiries Counter  
Rates Hall  
New Municipal Building  
Kingsway Avenue  
Brakpan  
1540  
22 September 1982  
Notice No 108/1982

1107—22

#### STADSRAAD VAN BRAKPAN

PROKLAMERING VAN PAD OOR GEDEELTE 106 VAN DIE PLAAS WITPOORTJIE 117 IR

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance" No 44 van 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan van voornemens is om 'n versoekskrif tot die Administrateur te rig om die pad wat in die bylae hiertoe omskryf word en gedefinieer word deur Diagram LG No A5504/79 wat deur die landmeter S. de Bod opgestel is van 'n opmeting wat gedurende Januarie 1979 uitgevoer is, as openbare pad te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif, diagram en bylae lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorurur.

Enige belanghebbende persoon wat beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde pad wil indien, moet sodanige beswaar skriftelik, in tweevoud, by die Direkteur van Plaaslike Be-

stuur. Privaatsak X437, Pretoria, 0001, en by die ondergetekende indien nie later nie as 8 November 1982.

**BYLAE**

'n Padverbreding oor die algemeen 4,4 m wyd wat begin by 'n punt waar die mynspoorweglyn gehou onder permitnommer A136/42 met Vlakfonteinweg (R.M.T. No 257) kruis en onmiddellik ten noordweste van genoemde pad R.M.T. No 257; vandaar in 'n algemeen noordoostelike rigting oor Gedeelte 106 van die plaas Witpoortjie No 117 IR, die eiendom van S.A. Land and Exploration Co. (Pty.) Ltd., vir 'n afstand van ongeveer 450 m soos meer volledig aangedui op Diagram SG No A5504/79 (R.M.T. No R24/79).

Regte wat geraak word:

A. Myntitel: Oop geproklameerde grond.

B. Oppervlaktebesittings:

(i) Oorhoofse telefoondrade — Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

(ii) Oorhoofse elektriese kragdrade met ondergrondse kables (aansoek voor gedoen) — Evkom (Sketsplan R.M.T. No O.147/78).

**GESWART**  
Stadsklerk

Stadhuis  
Brakpan  
22 September 1982  
Kennisgewing No 103/1982

**TOWN COUNCIL OF BRAKPAN**

**PROCLAMATION OF ROAD OVER PORTION 106 OF THE FARM WITPOORTJIE 117 IR**

Notice is hereby given in terms of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, No 44 of 1904, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to petition the Administrator to proclaim as a public road the road described in the schedule hereto and defined by Diagram SG No A5504/79 framed by land surveyor S. de Bod from a survey performed during January 1979.

A copy of the petition, diagram and schedule are open for inspection during normal office hours at the office of the undersigned.

Any interested person who wishes to object to the proclamation of the road should lodge his objection in writing, in duplicate, with the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, 0001, and with the undersigned not later than 8 November 1982.

A road widening generally 4,4 m in width commencing at the point where the mine railway line held under permit No A136/42 intersects Vlakfontein Road (R.M.T. No 257) and immediately to the north-west of the said road R.M.T. No 257; thence proceeding in a generally north-easterly direction across Portion 106 of the farm Witpoortjie No 117 IR, the property of S.A. Land and Exploration Co. (Pty.) Ltd., for a distance of approximately 450 m as will more fully appear from Diagram SG No A5504/79 (R.M.T. No R24/79).

Rights to be affected:

A. Mining Title: Open proclaimed land.

B. Surface Occupations:

(i) Overhead telephone line — Department of Posts and Telecommunication.

(ii) Overhead electric power lines with under-

ground cables (applied for) — Escom (Sketch plan R.M.T. No O.147/78).

**GESWART**  
Town Clerk

Town Hall  
Brakpan  
22 September 1982  
Notice No 103/1982

1108—22—29

**PLAASLIKE BESTUUR VAN BRONKHORSTSPRUIT WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1982/1986**

**(REGULASIE 12)**

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys vir die boekjare 1982/1986 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

“Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat registreerds deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken.”

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die Sekretaris van die Waarderingsraad verkry word.

**ISRUDMAN**  
Sekretaris: Waarderingsraad

Munisipale Kantore  
